

Publikasie van onwaarhede in die media

Posted on **August 25, 2015**

Lasterreg is een van die mees aktuele onderwerpe in die Suid- Afrikaanse regstelsel. Die rede hiervoor is dat Suid -Afrika 'n demokratiese land is wat gefundeer is op, onder andere, menswaardigheid, gelykheid en vryheid van spraak. Die grondbeginsels van die Grondwet saam met die relevante Menseregtebepalings maak dit moeilik om 'n balans te vind tussen teenstrydige regte in lastersake. Ons sal almal saamstem dat mediavryheid 'n belangrike rol speel in 'n oop, demokratiese samelewing, maar dat onware en onregverdigbare aantygings 'n persoon se reputasie en goeie naam skaad. Hoe vind ons howe 'n balans tussen dié teenstrydige regte?

Die vertrekpunt is dat geen reg in die Handves van Menseregte absoluut is nie. Artikel 36 van die Grondwet is die relevante klousule om in ag te neem ten einde te bepaal wanneer 'n reg wat verskans word kragtens die Handves van Menseregte, beperk kan word. Die eerste vereiste is dat 'n reg slegs beperk kan word deur 'n algemeen geldige bepaling. Die algemeen geldige bepaling moet ook redelik en regverdigbaar wees in 'n oop, demokratiese samelewing. Om te bepaal of dit redelik en regverdigbaar is, stel Artikel 36 'n aantal faktore wat in ag geneem moet word. Die faktore sluit in die aard van die reg wat ter sprake is, die belangrikheid van die beperking, die verhouding tussen die beperking en die doel daarvan, asook die mins beperkende manier om die doel te bereik.

Dit is belangrik om te kyk na die howe se interpretasie van Artikel 36 en hoe hulle 'n balans vind waar daar konflik is tussen menswaardigheid en vryheid van spraak wanneer skadelike en onware stellings in die media gepubliseer word.

In die saak *National Media Ltd and Others v Bogoshi* in die Hoogste Hof van Appèl, het die hof bevind dat 'n verkeerde, gefabriseerde feitlike stelling nie op enige grondwetlike reg gebaseer is nie, maar dat 'n foutiewe stelling onvermydelik is in vrye debatvoering. Daar is ook in die uitspraak gesê dat die publikasie van 'n onware, lasterlike aantyging nie as onwettig beskou sal word as daar, na oorweging van al die omstandighede van die saak, bevind word dat dit redelik was nie. By oorweging van redelikheid sal die hof die aard, omvang en strekking van die publikasie in ag neem en sal "groter vryheid" gewoonlik toegelaat word in die geval van politieke gesprek. Die hof het ook beslis dat die media die bewyslas dra om te toon dat die publikasie redelik was in die omstandighede.

Die gevolg van die Bogoshi saak is dat as 'n koerant kan bewys dat publikasie redelik en regverdigbaar was, hulle aanspreeklikheid sal ontkom, al is die bewerings in die koerant onwaar.

In die saak *Sankie Mthembu-Mahanyele v Mail & Guardian Limited* het die hof beslis dat die redelikheid van publikasie beoordeel moet word aan die hand van alle relevante omstandighede, wat insluit die publiek se behoefte om ingelig te word; die wyse van publikasie; die toon van die gepubliseerde materiaal; die mate van openbare besorgdheid oor die inligting; die betroubaarheid van die bron; die stappe wat gedoen is om die juistheid van die inligting te verifieer (hierdie faktor sal 'n belangrike rol speel by oorweging of daar nalatigheid aan die kant van die pers was, sou daar bevind word dat die publikasie lasterlik was); en of die persoon wat belaster is die geleentheid gegun is om voor publikasie kommentaar op die inhoud te lewer. In gevalle waar inligting van kritieke belang vir die publiek asook dringend is, mag dit geregverdig wees om te publiseer sonder dat die geleentheid vir kommentaar gebied word.

Die bogenoemde hofbeslissings maak dit nou moontlik om 'n balans te vind tussen die relevante konflikterende regte in die Handves van Menseregte

Hierdie artikel is 'n algemene inligtingstuk en moet nie gebruik of staagmaak word op as professionele advies nie. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir enige foute of weglatings of vir enige verlies of skade wat voortspruit uit vertrouwe op enige inligting hierin nie. Kontak atyd jou finansiële adviseur vir spesifieke en gedetailleerde advies.

This entry was posted in **Defamation** and tagged **Lasterreg**, **media**, **Publikasie** by **DKVG**. Bookmark the **permalink**.